

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 3

Sluit alleen af

Verskeie skoolfunksies en tradisies is reeds opsy geskuif en nou is matriekafskiedgeleenthede ook gekanselleer.

>>> BLADSY 6

Kamohelo out on warning

He is facing a charge of malicious damage to property and the prosecutor withdrew the charge of murder.

>>> BLADSY 8

Ervaring kom nie oornag nie

Die Kaapse Suidooster kon nie die geesdrif demp van 48 spelers by vanjaar se Bokkedag nie.



NOG 'N MYLPAAL VIR LOUISE DOHNE STOET

Om honderd bale wol in 'n seisoen af te skeer, is vir min boere beskore. Louise Dohne Merino Stoet van die Wesdan Boerdery op Heilbron het hierdie prestasie op Lentedag vanjaar behaal. Danie Hattingh, wat die stoet in 1979 begin het, sê "Dit was nog altyd 'n mylpaal wat ons met die skaapboerdery wou bereik en dié boksie is op Lentedag afgemerk, om die waarheid te sê, daar is honderd en een bale in die stoer." Dit het die skeerspan van BKB net meer as 'n week gevat om ongeveer 16160kg wol van die skape af te skeer. Volgens BKB se rekords is hierdie 'n eerste vir Heilbron. Hulle het ook met BKB hande gevat en is die RWS stelsel geïmplementeer wat ook

'n impak het op die produktiwiteit en kwaliteit van die wol. Die doelwit van die "Responsible Wool Standard" is om die Wolbedryf 'n instrument te bied om die beste praktyke van boere te erken; om te verseker dat wol van plase af kom met 'n progressiewe benadering tot die bestuur van hul grond, en van skape wat verantwoordelik behandel word. Buiten vir hulle mooi wol, loop Louise Dohne stoet se ramme die land vol. Danie Hattingh Jnr, staan hier trots langs sy oupa Danie by die 100ste baal wol. Saam op die foto Sunever Khohliso, voorman van die BKB skeerspan, Joseph Magoro (Wesdan) en Ettienne Neethling (Kudde bestuurder Wesdan)



BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058-813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwuid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2001/026173/07

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

HENNIE WORD 90 JAAR

Oom Hennie Roets (Hendrik Adriaan Roets), is gebore op 11 September 1930. Hy het opgegroeï op die plaas Tottenham as die jongste van vyf kinders en het op Heilbron skool-gegaan. Oom Hennie se ma wou gehad het hy moes 'n predikant word, maar hy het besluit om die skool te verlaat in jaar elf om sy pa, wie net een arm gehad het, op die plaas te help. Hy het op sy eie

plaas begin boer toe hy met tannie Marietjie getroud is op 16 Februarie 1958. Hulle het twee kinders, Hennie en Elize. Oom Hennie was nog altyd 'n baie aktiewe en gesiene lid van die Heilbron gemeenskap. Hy het rugby gespeel tot die ouderdom van 48 jaar oud en was kaptein van die Noord-Vrystaat span. Hy was vir baie jare 'n kerkraadslid van die Heilbron NG Moedergemeente.



Op die foto vl: Hennie en Marietjie Roets

50 GOUE JARE



Baie geluk met die groot mylpaal, mag daar nog baie, gelukkige jare wees. Dankie vir die mooi voorbeeld wat julle vir ons gestel het.
Liefde Hennie en Elize

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

Jy kan omdat jy kan - Ek weet nou U kan enige iets doen, en niemand kan U keer nie - Job 42:2. Jy kan vir die Here vra want Hy sal nie vir jou 'n verkeerde antwoord gee nie. Jy kan vir die Here wag want Sy tydskerekening is altyd perfek. Jy kan op die Here vertrou, want Hy maak nie foute nie. Jy kan op die Here hoop, want Hy hou jou toekoms in Sy hand. Jy kan in die Here rus, want Hy is in beheer van jou lewe. Jy kan op die Here steun, want Hy is heeltemal getrou. Hy kan nie verander nie, Hy is volmaak. - Roy Lessin
- Uit: "Lewende Lote" Ingestuur deur: H Howell

Maak tyd

Maak tyd om na Hom te gaan.
Maak tyd om in gebed voor Hom te staan.
Maak tyd om met Hom te praat.
Maak tyd om te luister na Sy raad.
Maak tyd vir die swakke in geloof.
Maak tyd om te vertel wat Sy Woord belooft.
Maak tyd vir hulle wat moeg en mat is.
Maak tyd in geloof om hande te vat.
Maak tyd om by Sy voete te leer.
Maak tyd om ander te lei na die Geopende Deur.
Maak tyd om Sy liefde na ander uit te dra.
Maak tyd vir dié wat na Hom vra.

TANNIE SOEKIE OORLEDE

Tannie Soekie van Graan, jarelange inwoner van Heilbron, is Donderdagmiddag 27 Augustus 2020 na 'n kort siekbed oorlede in die ripe ouderdom van 100 jaar, 5 maande en 1 dag. Tannie Soekie het in haar jonger dae in Vrede gebly, waar sy by De Swart Broers gewerk het. Sy het ook haar ouers versorg. Na hul dood het sy na Heilbron verhuis, waar sy by Kaalkop van der Merwe gewerk het tot die besigheid verkoop/gesluit is. Daarna het sy vir jare by Edgars gewerk waar sy dan as bestuurder afgetree het. Sy het na haar aftrede by Disa Materiaal gewerk. Sy was woonagtig in Kalli Woonstelle en vir 'n kort ruk in 'n privaat woonstel oorkant die polisie-stasie, vandaar het sy verhuis na Woonstel no. 5 by Huis Bron-van-Heil, op 1 Desember 1992. Op 1 Oktober 2005 het sy na 'n enkelkamer binne in die tehuis getrek, waar sy tot en met haar afsterwe gebly het. Tannie Soekie was dus 28 jaar 'n inwoner by Huis Bron-van-Heil, sover bekend die inwoner wat die langste daar woonagtig was.

Tannie Soekie het op 26 Maart 2020, 100 jaar oud geword, 'n dag nadat die inperking begin het. Dit was vir haar kinders 'n baie groot teleurstelling toe hulle al die reëlings moes kanselleer om die baie spesiale dag saam met haar deur te bring. Vir haar 100 jaar het sy nog redelike goeie gesondheid geniet. Sy het tot baie onlangs nog op en af in die gange geloop met

haar kiere en graag geselsies aangeknoop. Tannie Soekie was 'n baie geliefde inwoner onder almal in die tehuis. Sy was elke dag dieselfde, wou altyd weet of sy nie kan help met iets nie. Sy was altyd tevrede en het nooit oor iets gekla nie. Tot baie onlangs was haar langtermyn geheue besonder goed. Sy sal onthou word as 'n sagte, vriendelike en vredeliewende inwoner. Sy laat na twee eie kinders, seun Hennie en dogter Miemie. Vier kleinkinders, 10 agterkleinkinders en 6 agter-agterkleinkinders. -Retha de Winnaar



MY SARIE MARAIS

Die liedjie My Sarie Marais is 'n tradisionele Suid Afrikaanse Volksliedjie wat moontlik geskryf is tydens die Eerste Anglo Boereoorlog (ca. 1880) of meer waarskynlik tydens die tweede ABO (1899 tot 1902). Die deuntjie is moontlik geneem van die Engelse lied "Sweet Ellie Rhee" wat die Kakie-soldate hier in Suid Afrika gesing het. Ek glo die jeug van vandag ken seker nie eers die liedjie nie, want hulle musieksmaak verskil hemelsbreed van ons jongmense s'n van baie jare gelede. Sarie Marais was amper net so gewild soos die Volkslied van destyds. Jy was nie 'n Suid Afrikaner as jy nie Sarie Marais kon sing nie.

*My Sarie Marais is so ver van my hart
Maar ek hoop om haar weer te sien
Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon
Nog voor die oorlog het begin.
O bring my terug na die ou Transvaal
Daar waar my Sarie woon...*

Die liedjie verwys na die Mooirivier by Potchefstroom, die oorlog, die verlange na die ou Transvaal, doringbome en mielielande. *Ek was so bang dat die Kakies my sou vang en ver oor die see wegstuur...*

25.000 Boeresoldate was oorsae van kampe gestuur.

Die Kakies is mos nes 'n krokodillepes.

Hul sleep jou altyd water toe.

Hulle gooi jou op 'n skip vir 'n lange, lange "trip"

Die josie weet waarnatoe...

Die magteloosheid van die Boere gevangenes.

Verlossing het gekom en die huis toe gaan was daar...

Na amper 3 jaar in oorsese kampe kon hulle uiteindelik huis toe gaan.

'n Suid Afrikaanse joernalis, Jacobus Toerien, het die Afrikaanse woorde geskryf. Hy het Ellie Rhee vervang met sy eie verloofde Sarie Maré (Susanna Margaretha Maré), wat later Sarie Marais geword het. 'n Ander weergawe is dat dit verwys na Generaal Louis Botha se militêre aanhangster, Nicolaas Jacobus de Wet se vrou Ella, wat gereeld haar man op die oorlogsveld besoek het. Sy het die liedjie gereeld om die kampvuur vir die burgers gesing.

Hoewel daar verskillende verwysings is, kan met sekerheid aanvaar word dat Sarie Marais verwys na Sweet Ellie Rhee wat die Kakies gedurende die eerste en tweede ABO in Suid Afrika gesing het.

Ander volksliedjies wat ook baie gewild was is Aai Aai die Witborskraai, Jan Pierewiet, Pollie ons gaan Pêrel toe en Suikerbossie. Elke student in Suid Afrika, maak nie saak waar jy studeer het nie, het *Gaudeamus igitur, Juvenes dum sumus, Post jucundam juventutem* gesing. Dit was amper alle student se volkslied.

Quarta Pretorius.

SLUIT ALLEEN AF



Matriekafskied is 'n jaarlikse ritueel by skole waar meisies toegedraai is in duisende rande en onderwysers en matriekleerders saam in styl afskied neem. Dit is 'n formele funksie waaraan elke matriekleerling, ouer en onderwyser al vanaf die begin van die jaar beplan. Hierdie jaar was deurmekaar en matrieks moes as gevolg van Covid-19 en die inperkingsperiode die grootste deel van die skooljaar tuisbly. Verskeie funksies en tradisies is reeds opsy geskuif. Asof dit als nie erg genoeg was nie, is daar nou deur die Departement besluit dat vanjaar geen matriekafskiedgeleenthede gehou mag word nie. Dit is veel belangriker om op te vang met die akademiese jaar. Verskeie skole het reeds uitnodigings uitgestuur en leerlinge het aan hulle kleredrag beplan, betaal en moontlik hang dit reeds in die kas. "Skole het in die lig van die Covid-19 pandemie saam daarop ooreengekom in 'n poging om onderwysers en leerlinge se veiligheid en gesondheid te beskerm," het Elijah Mhlanga, woordvoerder van die onderwysdepartement gesê. Die matriekleerlinge se laaste skooljaar moet nou alleen en stil afgesluit word. Daar is nog geen definitiewe antwoord van die plaaslike skole in die omgewing ontvang oor hoe hulle dit gaan hanteer nie.



Susanna Margaretha Maré

Jacobus Toerien

Rietspruit Bemarking

RIETSPRUIT BEMARKING
in samewerking met
W & W BEMARKING hou
SATERDAG 12 SEPTEMBER 2020 veiling
te plaas **REINETTE HEILBRON** om **11:00**.

OP VEILING AANGEBIED

- ◆ Meubels
- ◆ Tuingereedskap
- ◆ Implemente
- ◆ Braaiers
- ◆ Bougereedskap
- ◆ Elektriese gereedskap
- ◆ Huistoebehore
- ◆ 2 x Trekkers
- ◆ Allerlei losgoed

Inskrywings sluit 9 September 2020.
Kontak Bennie 082 328 4998 of Wolter 084 407 9394

Internet fasiliteite beskikbaar.
Alle items word voetstoots verkoop.
Geen aankope word verwyder, voor volle vereffening van rekening nie.

ROETEBESKRYWING:

*Ry op Vegkoppad vir ongeveer 300m, draai regs vir ongeveer 600m, draai regs in by plaas Reinette (Volg wegwysers)
Volg Rietspruit Bemarking op Facebook*





UIT DIE PEN

Hier sit ons nog steeds in die inperking. Weliswaar vlak 2. Al wat ons effens opgewonde maak is die fopnuus dat oom Cyril gaan aankondig dat tannie Kopdoek besluit het dat die drankwinkels moet toemaak. Dan is daar chaos, want almal storm vir 'n laaste botteltjie iets. Stry: dit was 'n skitterende verkoopstruik. Die mense hier in onse stad het in rye gestaan om gemeet en geweeg te word voordat hulle dit in die drankwinkels kon waag. Lekker het ek in my mou gelag. Veral omdat ek klaar my vyf bottels rooiwijn die vorige dag gaan koop het. Gepraat van oor Cyril: ek haal my pluiskiel vir hom af. Wat sommiges gedink het is die einde van die Ramp-maphosa het toe in 'n Rama-fees-a geëindig toe hy hierdie naweek aangekondig het dat hy eerste in die ry staan om ondersoek te word vir finansiële ongerymdhede. Om die voorbeeld te stel. Ek sal ook my pluiskiel in die wind wuif omdat hy kommentaar gelewer het oor die brief wat Zuma aan hom geskryf het in reaksie op Zuma se brief aan die Firma oor die k-woord. Korupsie.

Op <https://www.iol.co.za/> lees ek sy reaksie: "I receive many letters as the president of the ANC and this letter is one of those. So, I have not responded. Obviously, the letter is being debated and being talked about. I don't even know what the reasoning for the letter was and I will not even publicly entertain issues that are raised in the letter."

En daarmee vee hy die agbare vorige president van die tafel af. Briljant, dink ek. Tans het ek net een wens: Kan ons asseblief hierdie jaar *fast forward* om verby hierdie nare tydperk te kom? Ek kan nie meer nie. Kom ons sit 'n grafsteen hierop en gaan aan met ons lewens. Ongelukkig is dit nie so maklik nie.

Gepraat van grafstene. So vyf jaar gelede maak ek vir myself 'n wenslysie vir die jaar 2016. Ek wou vyf dinge doen, maar slaat my met 'n pap snoek, ek kan nie meer al vyf die goeters onthou nie, net drie daarvan. Ek wou een aand op 'n matras buitekant onder die sterre slaap. Dit het ons probeer. Die aand ewe formeel die dubbelbedmatras uitgedra en op die gras gaan lê. Duvet, kussings en al. Ek, wat nie 'n happy camper is nie, het gou-gou aan die slaap geraak. Totdat my goeie man met 'n gejuig wakker geword het. Die muskiete dra hom weg, kan ons nie asseblief maar in die huis gaan slaap nie? Ja, wel, so dra ons weer die dubbelbedmatras, ewe plegtig, terug kamer toe. Ek wou hand-aan-hand met my goeie man deur 'n onbekende dorp stap. Ons het die geleentheid gekry, weliswaar omtrent ses maande nadat ek my wenslysie bekend gemaak het. Ons het deur Nieu-Bethesda gery, langs 'n leivoor parkeer en tot by die Uilhuis gestap. Hand-aan-hand. Ek wou 'n blommetjie op 'n vreemde mens se grafsteen gaan

sit. Ek en my goeie man het een Sondagmiddag, met 'n arm vol tuinblomme, na ons dorp se begraafplaas gestap. Ons het deur die rye en rye marmer en graniet geloop en blommetjies op onbekendes se grafstene gesit. Ek sien die ou kleintjies, sommiges net 'n paar dae oud, wat klein grafsteentjies met 'n engeltjie op het. Dan is daar diegene wat net 'n klipkruis op het. Ander het groteske en majestueuse gedoentes wat hulle laaste lêplekkie merk. 'n Marmerbeeld wat tot doer bo strek laat my dink aan die mense by die toring van Babel. Wat op aarde besiel jou om so 'n monstrositeit op te rig? Dalk 'n skuldige gewete?

Ek wonder wat gaan fout in jou kop as jou "kopsteen", soos ouma Cielie dit genoem het, meen dat Mev. Dr. Du Preez hier lê. Of Mev. Ds. Botha. Wie het die titel hier gekry? En as die titelryer (as ek haar so mag noem) die dag dood neerslaan, sal sy dan Oorle Mev. Dr. Du Preez wees of Mev. Oorle Dr. Du Preez? Dit kan nogal 'n tameletjie word. Hierdie het my aan twee begraafplaas-stories laat dink. My tannie Ous het reeds vir haar en haar man grafte gekoop, so skuins oorkant hulle seun se graf. Dié is toe alreeds jare lank dood. Tannie Ous het die ewige velallergieë gehad. Vir skottelgoedseep en wasgoedseep en handerom en naellakverwyderaar. En ook vir Seringboomblommetjies. Daardie donserige goeters wat die Seringbome dra. So gaan sit tannie Ous een dag blomme op haar seun se graf en sien dat daar 'n Seringboom tussen hulle grafte opkom. Sy draai net daar op haar hakke om en gaan gee die grafte van haar en haar man terug aan die munisipaliteit, want sy is vreeslik allergies vir Seringbome. Sy sal mos nou nooit daar kan lê wanneer sy die dag

WEEK DRIE-EN-TWINTIG

ingespit is nie. Ironies is dat tannie Ous nooit begrawe nie, net veras. Ieder geval. Toe my rooikopsussie haar grafsteen kry, moes die hele familie opsluit begraafplaas toe gaan om dit te gaan gadeslaan. My ma verduidelik aan haar kleinkinders dat die munisipaliteite nie meer so lekker kan korrel nie, want hulle grou die grafte met 'n *backactor* (jammer, Google Translate reken dat backactor 'n agterste akteur is in Afrikaans) en die operateur steur hom nie aan rye nie. Aan die einde van Rooikopsussie se ry grafte loop dit windskeef, die twee rye wat veronderstel was om parallel te wees, vloei sommer in mekaar. Die laaste graf in die ry was vir die Zeelies. Die oom was reeds dood en begrawe, maar die tannie het op daardie stadium nog geleef. Die gesprek tussen my ma en haar kleinseun klink toe as volg: "Krappe se vrou sal nooit in daai graf in kom nie, dis heeltemal te klein." "Maar ouma, wat is die probleem? Sy kan mos maar net gou kom vir 'n *fitting* en kyk of sy inpas." Ek het al lekker langs Rooikopsussie se graf gestaan en huil, maar ons het net so lekker staan en lag oor die wysheid van die kleinseuns. Dis hoekom hulle sê: *Hire a teenager while he knows everything.*

DIE RUS INGE GAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Linah Neuwe Mohapeloa**, oorlede op 3 Augustus 2020 in die ouderdom van 28. Die begrafnis het plaasgevind op 25 Augustus 2020 in Frankfort Begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Martha Mamokete Mofokeng**, oorlede op 26 Augustus 2020 in die ouderdom van 55. Die begrafnis het plaasgevind op 2 September 2020 in die Plaas Begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende.



BOKAMOSO BLESSING MPENBE MISSING

A baby girl, only 21 months old, was kidnapped by known suspect on 30 August 2020 at 23:30 from her home in Petrus Steyn. She was wearing a red jersey, pink tracksuit trousers and pink and white socks when she was kidnapped. She has brown eyes and black hair with a small body build. If you have any information please call the Investigating Officer Captain Mbele at 082 336 7760 or Crime Stop at 08600 10111 (24/7) or report on the MYSAPS mobile app.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Celéste herald@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Silma heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerant, advertensies) • Silma marketing@heilbron.co.za -
(Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE IN BESTORWE BOEDEL

In die boedel van wyle **SARA JOHANNA JANSEN, ID 231021 0027 083**, in lewe weduwee en woonagtig te Huis Bron-van-Heil, ouetehuis, Heilbron, 9650. Oorlede op 1 Mei 2020
Meesterverwysingsnommer: 3495/2020

Krediteure en debiteure word hiermee versoek om hulle eise teen die boedel en hulle skulde aan die boedel in te dien en te betaal binne 30 dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.
LOUISE SNYMAN RINGERSTRAAT 68 HEILBRON, 9650 POSBUS 809, HEILBRON, 9650 TEL: 082 965 4964

KENNISGEWING

In die boedel van wyle: **JOHANNA MARIA VAN NIEKERK**
Gebore op: 11 Maart 1934
Identiteitsnommer: 340311 0023 085
In lewe: Boervrou
Datum van dood: 1 April 2020
Boedelnommer: 010188/2019

Huweliksaat: Weduwee
Kennis geskied hiermee aan alle debiteure en krediteure in voormelde boedel om hulle eise in te dien en skulde te vereffen ten kantore van die onderstaande binne (30) dertig dae gereken vanaf 4 September 2020. Bloemfontein en die Landdros te Koppies.
AB VOSLOO GEMAGTIGDE AGENT POSBUS 44, EERSTESTRAAT 7 KOPPIES, 9540

TE HUUR

Eenslaapkamer-woonstel te huur, vir enkellopende, werkende persoon. R2 500 per maand water en ligte ingesluit. Onmiddellik beskikbaar. Ten volle gemeubileerd.
Skakel 081 541 5566
Heilbron K

OULANDS-GRASBALE

Swaar bemesde ouldandsgrasbale te koop. R380 vir 1.2m en R430 vir 1.5m bale.
Skakel Hennie Naudé 083 269 9293
Heilbron K0752

Late-Nite Video Heilbron

SNACK-N-DASH Dried fruits, nuts and treats NOW AVAILABLE

Macadamia, Cashew, Almonds, Pumpkin Seeds, Cranberries, Pitted Prunes, Chocolate Biscuits, Mixed Seeds and many more!

Kerkstraat 42 C/42 C Church Street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Elsstraat 42 Heilbron
Tel:
058 8530 006

WEERVOORSPELLING SMALLS

Sa 5 Sept.	10 / 27	Sonnig
So 6 Sept.	8 / 26	Sonni
Ma 7 Sept.	11 / 23	Sonnig
Di 8 Sept.	10 / 27	Sonnig
Wo 9 Sept.	12 / 29	Sonnig
Do 10 Sept.	9 / 26	53% kans vir donderbuie
Vr 11 Sept.	10 / 25	Sonnig

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com R

AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers.
Kontak Jannie Bornman
072 287 4111 • Heilbron



HET JY NOU DAARDIE WEGBREEK NODIG?

Ballito seefront grondvlak woonstel. Slaap 8 persone. Veilige kompleks met swembad en parking. Volledig toegeruste woonstel. Twee en half slaapkamers; twee en half badkamers. By hoof swemstrand.
Skakel Annerien Viljoen
0823720775.

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron R

WINKELURE:

Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00
Vrydae:
07:30 tot 16:30
Saterdag:
09:00 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

DIENTE

Andries Muller

072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS ALGEMENE DRAAIWERK MEGANIESE HERSTELWERK

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

ERFENISDAG 24 SEPTEMBER 2020

GiG Technologies gtyg.co.za
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Service
• Computer Repairs • CCTV Installations
Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Email: info@gigtechnologies.co.za

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskiik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensiëerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

G

GEMEENSKAPSNUUS

VRYSTAAT VERSORGING WEER IN AKSIE

Ondanks die koue, vier die VVA Heilbron-groep die lente met 'n koppie koffie en Boereworsbroodjie. Hulle was alreeds Woensdag oop en môre weer met allerhande lekkernye. Indien jy nog nie daar was nie, gaan loer gerus in! Daar is pannekoek, sosaties, worsbroodjies, Rina se vetkoek met maalvleis en Lambert se boerewors te koop teen sakpasprys, alles vir fondsinsameling. Daar is pragtige blom-en groenteplantjies beskikbaar, voortaan elke Woensdag en Saterdag van 09:00 tot 14:00. Hierdie jaar is die VVA in Heilbron reeds 112 jaar besig om 'n verskil te maak. In diens van Barmhartigheid is verskeie gesinne, persone of kindertjies met groot dankbaarheid gevoed, opgelei of bemagtig. Ondanks grendelreëls, het die huidige bestuur steeds bystand gebied sover moontlik. Die VVA bestuur is aansienlik vergroot en verwelkom hulle vir Andries, Marthie en Bertus. Hulle het groot planne op verskeie gebiede en as jy 'n bydrae wil lewer, gaan besoek hulle gerus in Pleinstraat, Heilbron of kontak 'n bestuurslid. Werklose persone of gesinne met voedselnood word ook genooi om 'n draai te kom maak op Woensdae met die oggendsessies. Harde werk is



Op die foto agter vl: Bertus Brunson, Jacomien Harmse, Ina Slabbert en Adri van Rensburg. Voor sit: Ellen Marais en Nellie Bierman.

afgehandel en danksy Bertus is die groentetuin reeds belowend. Met groot dank aan Bonus Algemene Handelaar wat al die toerusting en tuingereedskap voorsien het vir die projek teen spesiale pryse, asook die Hamper-prys wat geskenk is, dit word baie waardeer. Hierdie prys sal oorhandig word aan die persoon wat teen Oktober die meeste plantjies by die VVA aangekoop het. "Dankie ook aan Fraaihuis Kwekery wat ons reeds jare van brood voorsien het, asook die gebak van Lanie se Bakkery. Dit is dié mense wat dit moontlik maak om aan te hou." Skryf Ellen Marais aan Heilbron Herald. Indien jy jou bydrae wil maak en deel wil wees van die liefdadigheidsprojek en plantjies koop, kontak Bertus by 079 874 9368.



Bertus by die kwekery.



Jacomien en Ina in die groentetuin.

KAMOHELO OUT ON WARNING

Lebohang Suzan (Mempe) Mokoena (23) was brutally shot outside her house in Phiritona the first week of June. The intruder came in the house located in the Lahlamenze section demanding money and cellphones and attacked family members who tried to take possession of the fire arm. During the struggle a shot went off and the intruder tried to fled the scene. Mempe went after him. As the rumours are spread, she shouted out his name that caused her to be shot and killed instantly. Heilbron Herald spoke on the 20th of August with Motsamai Kheswa that is the spokesperson for the Community Patrol. In the cooperation with the

Welkom SAPS, the suspect was caught on Friday, the 14th of August when he confessed to the murder of Mempe. Kamohelo Molotsi (24) appeared in court 17 August when he then denied being guilty of the murder. The case was postponed until 24 August for bail application. He is facing a charge of malicious damage to property. The prosecutor withdrew the charge of murder because at the moment, there is not enough evidence linking Molotsi to the murder. The state is however, waiting for the DNA results. He is released and out on warning and the case against the accused is again postponed to 7 September 2020 for further investigations.

Hier in Suid-Afrika word Nasionale Boomplantdag in die eerste week van September gevier. Op hierdie dae word bosbou en die waarde van inheemse bome in die algemeen beklemtoon en skoolkinders neem gewoonlik hieraan deel. Dit is die perfekte geleentheid waar jy 'n nuwe boom kan plant, een borg of om voeding en kompos by huidige bome in te werk. AfriForum Heilbron doen dit hierdie jaar 'n bietjie anders en vier die dag saam met Erfenisdag op 24 September 2020 by die Museum. Elkeen word genooi om deel te wees van hierdie Braaidag soos dit genoem word, daar sal vure

voorsien word.


Bome word geplant en AfriForum skenk dan ook 'n bonsai-boompie aan die Museum wat hulle sal kan versorg. Finale reëlins sal nog deurgegee word en indien enige iemand 'n bydrae wil maak kan hulle Danie Knoetze kontak by 082 974 0055.

PLANT EN BRAAI

WAT BEPAAL DIE SUKSES VAN SKAAP?

Die skaapbedryf vind dit seker landwyd elke dag moeiliker om staande te bly midde die groot aanslag van diefstal. Dit is gegewe en sal seker nog moeiliker gaan solank die Covid 19 virus die werkloosheidsyfer opjaag en die land se ekonomie knou. Baie boere het hul skaapkuddes deur die jare verklein om plek te maak vir beeste. Interessant dat superfynwol (17 mikron) oor die afgelope 20 jaar nog sowat 46 persent

duurder is as die sterker wol (25 mikron). Volgens die tabel/grafiek wat BKB aan ons beskikbaar gestel het, is dit duidelik dat die aanvraag vir fynwol steeds baie goed is. Fynwol word hoofsaaklik deur die tekstielbedryf benut, tenspyte van die aanslae van kunsmatige stowwe. Fynwol het die irritasie van die krapfaktor oorkom en liggewig kledingstowwe het die mark oorgeeem.



Interessant?! Wat die sukses van skaap bepaal is kos as uitgangspunt! Dan moet gekyk word wat die skaap kan produseer op sy omstandighede! Verder moet gekyk word wat die mark van die skaap verwag!

Dit is 'n tameletjie van wisselende syfers en modes! Praat met manne in die skaapbedryf, gesels oor wol en dan gesels jy met vleisbemarkers – wat is die aanvraag?

Die fynwolstorie het die bedryf lankal ingehaal? Die Merino het aangepas?! Dan gesels jy met vleisverspreiders – hier verskil dit van streke! Moet die karkas groter wees of...

Terug op die plaas kyk jy hoe vroeg jy die karkas wat verlang word, kan bemark! Dan selekteer jy weer vir wat jy dink sal beter verkoop om jou op die plaas te hou! Dan sê jy vir jouself jou diere het jou plaas betaal en

kos gegee... dan gooi jy 'n dop in, gaan lê op jou rug tot die gekriewel in jou maag weg is en gaan aan met wat jy oor die jare gedoen het! Dit is 'n ou Griekse resept!


SNOEK EN TJOPS?

Kobus van die Kaap vertel nou die dag dat die Kaapse manne nie so gesteld is op skaapkarkasse wat meer as 18 kg is nie – dit gaan oor die stelling dat die melieboere van swaar karkasse (23 kg) hou.

Die melieboere wil mos die grootste van alles hê – van bakkies tot beeste en skape!

Dra dit toe aan hom oor dat die Kaapse manne seker kort tande moet hê. Seker maar die wyn wat die probleem is! Ja, vertel Kobus – wil ook die wyn los maar sy volk het hom nou nodig!

Time Gentleman
–Tom Watson



BOIPELA MESI IS MISSING

Boipelo Mesi (9), residing at 194 Gelukwaarts, Maokeng was reported missing by her mother, Lynette Sesele. She was last seen whilst playing with friends in the street not far from her home on 01 September 2020 at about 13:00. The mother alleges she went to visit a friend in Phomolong leaving Boipelo playing with friends. On her return, Boipelo was nowhere to be found. She went to enquire from her friends who told her that Boipelo was talking to a tall man with a blue overall and both of them left for the tuck shop and never came back. Anyone with information should please contact the Investigating Officer, Detective Captain Mamohale Sompane at 082 854 7547 or Crime Stop at 08600 10111. Investigation continues.

2021 DAGBOEK AANBIEDING
PROMOSIONELE DAGBOEKE VIR JOU BESIGHEID
Kontak ons gerus vir pryse en plaas jou bestelling vir 2021 dagboeke nou!



ONTWERP & GEDRUKTE BUIEBLAD
Prys op individuele aanvraag & hoeveelhede
A4 & A5

KLEURVOLLE INSPIRASIE-REEKS
A4 vanaf R106 elk
A5 vanaf R77 elk

Beskikbaar in rooi, oranje, pers, pienk, turkoois, grys en lemmetjie-groen

KLEURVOLLE 5-STIKSEL INSPIRASIE-REEKS
A4 vanaf R119 elk
A5 vanaf R91 elk

KLASSIEKE REEKSE
2-KLEUR HALFMAAN REEKS
A4 vanaf R119 elk
A5 vanaf R91 elk

VELVET INSPIRASIE-REEKS in A4 & A5
A4 vanaf R106 elk; A5 vanaf R76 elk

VELVET STIKSEL INSPIRASIE-REEKS in A4 & A5
A4 vanaf R106 elk; A5 vanaf R76 elk

VELVET DIAMANT INSPIRASIE-REEKS in A4 & A5
A4 vanaf R108 elk; A5 vanaf R77 elk; Slims vanaf R40 elk

VELVET DIAMANT INSPIRASIE-REEKS in A4 & A5
A4 vanaf R108 elk; A5 vanaf R77 elk; Slims vanaf R40 elk



Herald Office National

085 852 3033 | marketing@heilbron.co.za

Alle pryse is BTW uitgesluit. S&P geld.

HERALD

ERVARING KOM NIE OORNAG NIE

SPORT



Die Kaapse Suidooster wat Saterdag hier aangekom het kon nie die geesdrif demp van vanjaar se Bokkedag wat onder gure weerstoestande plaasgevind het nie. Net vier van 48 spelers kon dit regkry om beter as hulle voorgaande te speel. Hennie Pretorius se lus vir

biltong het hom tot gemotiveer om 41 punte te speel, dalk was dit die rustigheid van aftrede wat ook 'n faktor was. Johan Jonck, besoeker van Pretoria, was tweede met 38 punte. Julyan Bruyns speel sy normale konstante gholf en eindigde na 'n uittel teen Pierre

Reynecke op 37 punte. Dit wil voorkom of die Sages-manne die wintertoestande beter benut as die jongmanne. Die manne in die eerste vier plekke se ouderdomme is almal bo 60. Dit laat jou dink, nê? Daar was 16 pryse op die spel, bo verskyn al die weners van die dag.

ROLBAL SPEEL WEER KOMPETISIES

Daar word gesê dat as jy ouer word dan word jou bloed dunner en jy kry gouer koud, maar ten spyte van die winterkoue lyk dit nie of dit werklik waar is nie, want Woensdae en Saterdag is die rolbalspelers op die baan en daar word lekker gerol. Daarmee wil ek nou nie sê al die rolbalspelers is oud nie, intendeel.

Alhoewel baie rolbalklubs finansiële geaffekteer is deur die inperking en heelwat klubs hul deure moes sluit, is Heilbron Rolbalkklub nog gesond te danke aan die positiwiteit en ondersteuning van sy lede.

Saterdag se kompetisies word goed ondersteun en die afgelope Saterdag is daar weer goeie rolbal gespeel en het die kombinasie van oupa en kleinseun met die louere en die Spurprys weggestap. Daar

is gereeld van oupa se kant af instruksies gegee, jy moet gras vat, nee jy is te sterk en dan die motivering "dis nou 'n mooi "shot" en dan stap oupa breëbors eenkant toe. Met al die instruksies en aanprysings het Whity Joubert en kleinseun DJ Steyn as weners uit die stryd getree.

Rolbal is soos die slagspreuk sê, "sport for all".

Rolbal is 'n familiesport wat vir ouer spelers die geleentheid gee om saam met hul kinders en kleinkinders die sport te kan beoefen. Daarom wil die bestuur mense uitnooi om deel te kom

raak van hierdie wonderlike sport. Kom kuier saam Woensdae en Saterdag om 13:45, ons help met graagte.



Wenners Whity Joubert en DJ Steyn.

WINKELURE:

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00

Vrydae: 07:30 - 16:30

Saterdag: 09:00 - 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSdag - 8 SEPTEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

ROODEDRAG Twee-Maandelikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

HERTZOGVILLE: MALHERRE & WATERPAS
335 SAVM skope & 10 Suffolk ramme
11:00, Hertzogville skougroende
Kontak Louwtyl Bezuidenhout 082 827 7443

DONDERdag - 9 SEPTEMBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco Reinecke 079 493 9755

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

BRANDFORT: SANTARIFIC SUMMER SALE
70 Santa beeste & 12 Dormer ramme
11:00, Tweedewaaq, Brandfort
Kontak Louwtyl Bezuidenhout 082 827 7443

PARYS: 7 DE MODERNE SAVM
JONGGRAM VEILING
60 Ramme

11:00, Afri-Dome, Parys
Kontak Sarty de Villiers 073 816 4958

VRYdag - 10 SEPTEMBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 284 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT: PREISS & KOCK
30 Merino ramme
10:00, Royal Auction Centre, Frankfort
Kontak Danie de Wet 082 772 4538

BKB
LOUID

Remediërende Terapie
Studiemetodekursus
Alim, behulpens metode
en onthou tegnieke
vir jong leerders
Saterdag,
3 Oktober
Breda Scheepers : 083 600 4370

F.T.C.
FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS
Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES | **HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074 | Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206 | Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096 | Email : ftcfrankfort@gmail.com